



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

27 MEI 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

## GEMEENTEBULLETIN

### EREDIENSTE

			27 Mei		3 Junie	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	3	Dr. Hanekom	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	9	Ds. Duvenhage	6
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Klouterkerk/ Blokdien	Brenda Visser	-	Ds. Breytenbach	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdien	Ds. Duvenhage	11	Ds. Duvenhage	12

#### OGGENDDIENS

*I surrender*

Romeine 8:12-17

#### KLOUTERKERK

Hoe leer ek my kind  
om die Herder te  
hoor?

#### JEUGDIENS

Lei of Ly

Matteus 28:18

#### DEUROFFER

Bediening aan die  
dowes

### KOEKVERKOPING VANOGGEND

Die Junior kategesegroep bied op Sondag 27 Mei 'n koekverkoop met koek, tert en geroosterde toebroodjies by die kafeteria aan. Fondse word ingesamel vir die gemeenskap van Williston wat weens die ernstige droogte baie swaar kry. Ondersteuning sal waardeer word.

### 'N NUWE LERAAR IS BEROEP

Ds. René Potgieter, tans leraar van die NG Kerk Gamkavallei in Beaufort-Wes is op 23 Mei na die gemeente beroep. René is getroud met Deon en hulle het twee seuns, 'n Approbasietydperk van twee weke sal nou volg waarna die beroepingsbrief uitgereik sal word.

### GEMEENTEBRAAI

Kom braai gerus saam met ons op Vrydagaand 1 Junie in die markplein. Bring jou eie vleis, slaai, eetgerei en drinkgoed. Die kole sal vanaf 19:00 gereed wees.

## JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS: begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPELIERS: ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondag 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- UITREIKE: Alle info is op [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) / jeugapp

## BELYDENISAFLEGGING VANAAND

Die volgende kinders bely vanaand hulle geloof tydens die jeugdiens.

Van	Voorname	Kortadres
Botes	Andrea	Somer 016
Botha	Arno Marthinus	Mountain Viewrylaan 114
De Villiers	Mika	Marmmerstraat 006
Du Plessis	Loretta Elma	Olea Close 001
Goosen	Jana	La Provence 011
Janse Van Rensburg	Renier	Kendal 088
Krynauw	Moné	Kendal 038
Olivier	Dylan	Attalia 030
Van Bosch	Michaela	Schabortrylaan 056
Van Tonder	Zander Marko	Ou Mutualrylaan 017B
Visser	Bianca	Amandastraat 062

## DIE BERSIE-PROJEK

Ons het 3 000 komberse nodig vir die uitreike! Help ons asseblief deur 'n kombers te skenk (plaas dit in die bersie-krat in die voorportaal van die kerk) of maak 'n bydrae na: ABSA Spaarrekening, Jeugbediening, 928 759 2857, takkode 632005. Gebruik "Bersie" as verwysing.

## KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1 tot 7:  
Behulpsaam met  
koekverkoping.

Graad 8: Kerk

Graad 9: Grootaal

Graad 10: Jeuglokaal

Graad 11: Kleinsaal

## BREIGROEP

Die breigroep ontmoet weer op 11 Junie om 09:30 in die Markplein. Bring asseblief al jou klaar gebreide artikels vir die uitreike saam. Ons wil graag 'n foto neem.

## VUUR EN VLAM

## KONFERENSIE

Dankie aan almal wat die konferensie bygewoon en gehelp het. Dit was 'n groot sukses.

## **SPREEKKAMER TE HUUR**

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het spreekkamer ruimte te huur vir 'n Kliniese Sielkundige wat spesialiseer in speltherapie en evaluering van kinders. Kontak Rudolph van Schoor 082 854 4530.

## **VATVYF UITSTAPPIE**

Ons besoek die Toeka Stoor restaurant in die Paarl op Woensdag, 6 Junie. Kom geniet iets te ete by Windmeul, Paarl in 'n ou-wêreldse atmosfeer. Elkeen betaal vir sy / haar eie ete. Bespreek jou plek en maak jou maaltydkeuse by Karin, 021 976 4519 voor of op Maandag 4 Junie. Vertrek 08:30 vanaf die kerk.

## **BYBELSTUDIREEKS OOR ESTER**

Na die geslaagde Daniël-kursus, word 'n 9-weke-kursus op Maandagaande vanaf 19:00 tot 20:15 oor die Bybelboek Ester beplan. Die kursus begin op 4 Junie in die kapel met drie byeenkomste in Juniemaand en die res sal in die derde kwartaal plaasvind. Beth Moore is die skrywer van die reeks en die kursus word aan die hand van DVD's en 'n Bybelstudiegids aangebied. Die kursus is gratis, maar die handleiding kos R220. Indien jy belangstel om in te skakel, of meer inligting wil hê, kontak vir Riëtte (fasiliteerder) by 076 637 9671. Ons wil teen 28 Mei die getalle finaliseer en die handleidings aankoop.

## **'N NUWE OUDELING IS VERKIES**

Danie van Niekerk, Burenstraat 18, is verkies as ouderling.

## **NIE-BEDERFBARE KOSPRODUKTE**

Daar is steeds 'n groot behoefte aan nie-bederfbare kosprodukte. Maak asseblief 'n bydrae deur enige produkte soos koffie, tee, langlewe melk, suiker, blikkieskos, meel, pasta, rys, ens. bo op die wit kas onder die trap in die voorportaal van die kerk te plaas.

## **NIE-BEDERFBARE KOSPRODUKTE**

Ds. Marius Breytenbach nooi almal in sy geografiese wyke na 'n blokbyeenkoms in die grootsaal op Sondag 3 Junie om 09:00.

Tema: "Wat beteken die kerk? Ons kuier daarna saam in die markplein. Koffie word bedien en eetgoed is te koop.

## **EDELWEISS HUISBYEENKOMS**

Sondag 27 Mei om 18:00  
uit Handeling 7:1-19  
God gee soveel wat ons  
kan aangee . . .

## **BYBELSTUDIE**

31 Mei om 15:00 en  
15:45 uit Handeling 8:4  
& 8:26-40  
Onverwagte draaie van die  
Goeie Nuus . . .

## **PLANTETAFEL**

Die gewilde plantetafel sal  
weer op Sondag 3 Junie  
hulle bekende waterslimp-  
lante beskikbaar stel aan  
lidmate. Neem gerus 'n  
plantjie in ruil vir 'n  
donasie ten bate van die  
jeuguitreike.

## OMGEEVEILING 16 JUNIE

'n Veiling ten bate van die projekte van Stellenberg Omgeetrust word gehou op 14 Junie om 19:00 in die Markplein. Die trust is 'n Artikel 21- maatskappy, met die voordeel dat bydraes aftrekbaar van belasting is. Projekte wat reeds deur die trust aangepak is, sluit in die aankoop van 'n huis vir bejaardes in Ruyterwacht, die Echo-omgeehuis in Stellenberg ('n oorgangshuis vir jong meisies), 'n kleuterskool in Prins Albert, 'n huis in Kraaifontein vir kinders in nood (in samewerking met Shiloh), asook 'n hele aantal deurlopende voedingsprojekte. Indien u die veiling wil bywoon of wyn of 'n artikel / produk wil skenk wat opgeveil kan word, kontak asseblief vir Adri du Randt by 082 936 4804.

## ONS KORT STEEDS HELPERS

- **Eredienswerkers:** Ons benodig steeds lidmate se hulp om op rotasiebasis as eredienswerkers by ons onderskeie eredienste op te tree. Dit behels die verwelkoming van lidmate en die opneem van kollekte. Kontak Odette by [odette@stellenberg.co.za](mailto:odette@stellenberg.co.za) om hulp aan te bied.
- **Kafeteria:** Indien jy bereid is om een of twee keer per kwartaal met 'n diensbeurt by die kafeteria te help, kontak asb. vir Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za). Jy sal eetgoed en drinkgoed bedien, maar hoef nie skottelgoed te was nie.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak vir Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za)

## COMRADES-DIENS, PAROWALLEI-OOS

Parowvallei-Oos, Marketstraat 168, Parowvallei, bied op Sondag 3 Junie om 09:30 vir die agste keer 'n spesiale tweetalige erediens aan vir Comrades-atlete en hulle families. Atlete woon die erediens in hulle spesiale Comrades T-hemde by en heerlike koffie en Parowvallei-Oos se beroemde koeksisters word na die diens bedien. Theo Swart, wat ook self die Comrades 27 keer voltooi het, is die prediker.

### GEBEDSGROEPE

Maandag om 09:15 -  
Vrouebiduur in die  
gebedskamer.

Dinsdag om 19:00 -  
Gebedsbyeenkoms in die  
kapel.

Donderdae om 06:00 -  
Gebedsbyeenkoms vir  
mans in markplein.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied  
terapeutiese dienste.  
Kontak hulle gerus om 'n  
afspraak by enige van die  
volgende professionele  
persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator
- Musiekterapie

021 976 8029  
[sos@stellenberg.co.za](mailto:sos@stellenberg.co.za)